SAKE 24 (Beeld)
19 Apr 2012, p.21

KLEINHANDEL

Verkope kry krag in Februarie

Letitia Watson

Kaapstad. – Kleinhandelverkope het in Februarie 'n onverwagse bokspring gemaak en met 7,2% op 'n jaargrondslag gestyg.

Dié groeisyfer is heelwat beter as die markkonsensusvoorspelling van 4,8% en ook aansienlik sterker as die teleurstellende groeisyfer van 4,2% wat in Januarie aangeteken is.

"Die sterker as verwagte syfers is goeie nuus. Ongelukkig gaan dit waarskynlik nie die hele jaar volgehou kan word nie.

"Die ondersteuning van lae rentekoerse en hoë inkomste word getemper deur hoë inflasie van veral geadministreerde pryse, hoë skuldvlakke, streng kredietbeheer en kwesbare verbruikersvertroue," sê mnr. Johannes Khosa, 'n ekonoom van Nedbank.

In die drie maande tot einde Februarie het kleinhandelverkope volgens Statistieke Suid-Afrika met 6,9% verbeter, vergeleke met dieselfde tydperk verlede jaar.

Al die groot kleinhandelkategorieë se verkope het in die oorsigmaand verstewig – veral die kategorie vir algemene handelaars; dié vir huismeubels, toerusting en toebehore; asook dié vir ander kleinhandelaars het op 'n jaargrondslag sterk met onderskeidelik 8,7 %, 7,9 % en 11,4 % gegroei.

Dié sterk groeisyfer kan in 'n groot mate toegeskryf word aan baie sterk reële besteebare inkomstegroei aan die einde van verlede jaar.

Dit was ook in ooreenstemming met die sterker kleinhandelsyfers wat in die laaste helfte van die jaar ondervind is. Vir besteebare inkomste om voortdurend te groei, moet die ekonomie ook aanhou om werk te skep.

Die pas van werkskepping is volgens mnr. Tendani Mantshimuli, verbruikersekonoom van Liberty Life, egter traag en daarom sal verbruikersbesteding verswak.

Ekonomiese groei op 'n jaargrondslag verlangsaam en die groei van kleinhandelverkope sal na raming ook stadiger word om daarmee tred te hou.

***Paasbeursies geskud**

Die Paastydperk het sy gebruiklike styging in kontantonttrekkings beleef, wat daarop dui dat kleinhandelaars moontlik 'n goeie hupstoot deur verbruikersbesteding gekry het.

Volgens Spark ATM Systems, wat navorsing oor kitsbank-onttrekkings landwyd doen, was die kontantonttrekkings tussen 3 en 9 April gemiddeld R450 – 6% hoër as die R424 wat in die ooreenstemmende week in Maart onttrek is.

Dis ook 2% hoër as die R441 wat in die Paastydperk verlede jaar onttrek is en onderskeidelik 6% en 22% hoër as in die Paas-tydperk van 2010 en 2009.